Donderdag 1 Oktober
Skrifgedeelte: Markus 12:28–34
Fokusgedeelte: Markus 12:30 (AFR83/AFR2020)
Oproep tot opregte liefde

In die tyd wat ons Here Jesus Christus op aarde was, het die volk honderde wette en bepalings gehad. Vanweë hierdie groot getal het die geestelike leiers (skrifkenners) van die tyd onderskeid getref tussen groot en klein of belangrik en minder belangrike wette. Daarom begin die gedeelte in vers 28 met een van die Skrifkenners wat vir ons Here ʼn vraag vra oor wat die belangrikste gebod is.

Ons Here antwoord hom en gee die opsomming van die wet, Hy gee die essensie van wat dit beteken om ʼn gelowige te wees. Sy antwoord kan in twee gedagtes saamgevat word: *"Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag."* En: *"Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."*

In die hart van sy antwoord oor die belangrikste gebod staan die liefde: eers liefde vir die Here ons God, en dan liefde vir ons naaste. Dit word prakties as ons met hierdie gedagtes weer terug gaan na die tien gebooie, want dan sal ons sien:

As ons lief is vir die Here ons God, dan sal ons: net Hom alleen aanbid, nie afbeeldings maak nie, sy Naam met respek en eerbied gebruik, sy Sabbatdag reg deurbring.

As ons lief is vir ons naaste, soos vir onsself, dan sal ons: ons vader en moeder eer, nie moord pleeg nie, nie egbreuk pleeg nie, nie steel nie, nie leuens vertel nie, nie begeer nie.

Ons Here Jesus se antwoord oor wat die grootste gebod is, is ʼn oproep tot opregte liefde. As die Gees hierdie wete in ons harte waarmaak, dan sal ons die wet van die Here nie sien as ʼn stel koue, kliniese reëls nie, maar ʼn manier hoe ons ons geloof elke dag kan uitleef. Mag die Gees in ons werk om met volle oorgawe in alles wat ons doen en aanpak, hierdie woorde van die Here voor oë te hou.

*Sing: Psalm 18-1:1*

*Ds. ID (ID) Nagel (Uitschot)*